

# SÊ NEE VIR PLOOIE

## Maak vroegtydig planne om jou vel mooi te hou

Deur LEIGH VAN DEN BERG & TAMSIN SEPTEMBER

MAAK nie saak watter soort vel jy het nie, dit sal die een of ander tyd verouder. Die eerste tekens is fyn lyntjies wat dalk om jou oë, mond en voorkop verskyn. Hulle sal mettertyd dieper raak en jy sal later agterkom jou vel begin sy elastisiteit verloor.

### ALGEMENE FOUTE

Rachelle Valente, 'n velsorgterapeut van Skin & Body Renewal, meen baie mense tree nie vinnig genoeg op om die tekens van veroudering te voorkom nie. "Van 30 af begin selvernuwing vertraag. Dit lei tot 'n opbouing van dooie vel, wat jou vel dof, onegalig en grof laat lyk." Mense koop ook dikwels eindelik teenverouderingsvelsorgprodukte wat wonderwerke beloof, maar nie bewese teenverouderingsbestanddele bevat nie.

### OPLOSSINGS

#### DAAGLIKS

Retinol bly maar die staatmaker in plooibestryding. Belê dus in 'n behandeling wat retinol bevat, soos Neutrogena Ageless Intensives Anti-Wrinkle Deep Wrinkle Serum (**R149,95**). "Retinol verhoog selvernuwing en stimuleer kollageensintese om die voorkoms van plooie, porieë en pigmentasie te help verbeter," sê Rachelle. Dis heeltemal veilig vir gebruik op fyn lyntjies of, selfs beter, om te keer dat hulle vorm. Jy moet ook sorg dat jy breëspektrum-sonbeskerming gebruik en dat jou bevogtiger 'n mengsel van antioksidante soos vitamien C en E bevat om jou te beskerm teen die skadelike uitwerking van vrye radikale op selle.




#### WEEKLIKS

Beproef Elizabeth Arden Visible Difference Peel and Reveal Revitalising Mask (**R300, Edgars, Foschini en Truworths**). Dit bevat kragtige, natuurlike antioksidante en het glikolsuur vir 'n gladder gelaat.




#### MAANDELIKS

Rachelle beveel aan jy oorweeg salonbehandelings soos laserterapie of chemiese afskilfering. Die behandelings kos sowat R250 per sessie en veltoestande van plooie tot aknee kan daarmee behandel word, sê sy. Jy het nie botoks nodig om fyn lyntjies beter te laat lyk nie. Jy kan hulle tydelik verbloem met 'n vuller met 'n silikoonbasis soos Olay Regenerist 30 Second Wrinkle Filler (**R235**). "Smeer dit oor vergrote porieë en plooie aan om hulle van onder af op te vul," sê die grimeerkunstenaar Tamryn Jefferies.




#### NOG HULP




Pond's Age Miracle Intensive Cell ReGEN Super Serum **R159,99**




BioEffect Daytime Cream **R650**




Garnier Ultra Lift Serum + Cream **R159,95**




Almay Firming Hydrating Mask **R135**




Nanoblur Cream **R299,99**




Eucerin Anti-Age Hyaluron-Filler **R269,95**

FOTO: GALLO IMAGES/GETTY IMAGES

**KRY DIT HIER:** ALMAY 011-971-0812; BIOEFFECT (EDGARS, PLACÉCOL) 0861-112-222; ELIZABETH ARDEN 021-597-1700; EUCERIN (BEIERSDORF) 0860-102-091; GARNIER 0860-102-492; NANOBLUR (CLICKS) 0860-254-257; NEUTROGENA (JOHNSON & JOHNSON) 0860-410-032; OLAY (PROCTER & GAMBLE) 0860-112-188; POND'S 0860-572-861